RAMSHORING

SEPTEMBER 2011 MAANDBRIEF 52

DIE JONGKLOMP ONDER ONS LAPPIESKOMBERS!

Die oumense het 'n sêding gehad, "…as jy jou kinders nog onder een kombers kan toemaak, is jou bekommernisse minder". Hulle het gedink, vir solank ons nog ons kinders naby ons kan hou, of dan, onder een kombers kan toemaak, kan ons 'n ogie oor hulle hou.

Nou het ek gedink… ons gemeente is mos ook 'n gesin ('n geloofsgesin), en hoe bevoorreg sou ons wees as ons nog ons kinders en jongklomp onder een kombers kon toemaak! Hoe hartseer as gemeentes nie omgee dat hul kinders en jongklomp uitklim uit ons geloofsgesin!

So, hier's my beroep op die gemeente… kom ons maak die mooiste lappieskombers ooit! Sodat elkeen (oud en jonk) onder hierdie kombers tuis en welkom sal voel! 'n Lappieskombers waarmee elkeen kan assosieer, vir hom/haar bevestig dat Lynnwoodrif vir elkeen 'n geestelike tuiste is! Dit spel diversiteit, respek en liefhê soos Jesus Christus liefgehad het!

Dit woel onder die lappieskombers…! Saam met ons kinders en die jongklomp kom energie, nuwe idees en nuwe maniere van dinge doen! By ons Kinder-, Gesins - en Tienerbediening gaan ons hard meewerk aan Lynnwoodrif se lappieskombers. Elkeen moet welkom en liefgehê voel! En wil ons elkeen bevestig in sy/haar roeping wat die Here op

elkeen se lewe het.

Ons Kinder- & Gesinsbediening staan onder die vaandel, **Rig hierdie geslag op!** Lukas skryf 'n kragtige ding oor Dawid in Handelinge 13:36, *"Dawid het die mense van sy tyd gedien"*. Die Here God het nie 'n berekeningsfout gemaak toe Hy my en jou in hierdie tyd/generasie neergesit het nie – Sy roeping op ons lewens is juis vir hierdie tydstip in die geskiedenis.

Daarom wil ons sommer van kleins af hierdie kragtige roeping op elkeen se lewe bevestig. Ouma en oupa, ma en pa, boetie en sussie moet elkeen opgerig word om sy/haar roeping in hierdie generasie uit te leef!

Daarom bied ons Tiener- & Jeugbediening die opvolg hierop en staan dit onder die vaandel, **Ons is Verskilmakers!** Ons wil by *†.ek.kies!* 'n kontra-kultuur wees, 'n rewolusionêre gemeenskap… dit beteken – waar die oorheersende kultuur negatief en selfgerig is, wil ons by Lynnwoodrif (in ons tiener- en jeugbediening) 'n generasie oprig wat positief en hoopvol is, en leef met die roeping en oortuiging dat óns 'n verskil maak!

Matteus 13:33 bied die metafoor van suurdeeg aan, *"Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou gevat het en in 'n groot skottel meel ingewerk het totdat dit heeltemal deursuur was"*. Ons kan nie anders as om 'n verskil te maak in die wêreld waarin ons leef!

Arthur O'Shaughnessy het dit treffend gesê, *"We are the music-makers, and we are the dreamers of dreams… We are the movers and the shakers, of the world forever, it seems"*. By *†.ek.kies!* en KGB wíl/móét dit woel *(move and shake)* onder die lappieskombers!

Mag ons kinders en jongklomp nooit ophou droom oor ons gesinne, ons land en ons toekoms nie! Mag ons passievol leef en hoopvol droom! Mag ons elkeen 'n verskil maak, en mag ons dit nooit nalaat om die volgende generasie op te rig nie!

Seën vir u elkeen!

Dr. Chris Malan

IN HIERDIE UITGAWE

DIE JONGKLOMP ONDER ONS LAPPIESKOMBERS!	1
BELANGRIKE DATUMS SEPTEMBER 2011	1
FOKUS OP JOU HUWELIK	2
RIF MAKITI	2
VERJAARDAE	2
KONTAKBESONDEHEDE	2

BELANGRIKE DATUMS: SEPTEMBER 2011

3 Sep - Rif Makiti
10 Sep - Romeinedag
11 Sep - Nagmaal en tee
17 Sep - Kreado Kuns
24 Sep - Erfenisdag
30 Sep - Skole Sluit

Help jou werker groei

Kan jou tuinhulp of tuinhelp lees en skryf? Indien nie, stuur hulle gerus na die Lees- en Skryfklasse in die Atrium om 15:00 elke Donderdagmiddag.

Navrae saans: Carolien Mentz 012 807 7980

Kerkkantoor:
Telefoon 012 348 5135
Faks 086 586 9265
012 361 6469
Getuienisbediening (soggens):
012 365 3959

FOKUS OP JOU HUWELIK

Die huwelik is nou eenmaal nie perdekoop nie. Juis daarom het die Instituut van Hulwelikseminare en Kampe ontstaan. Die doel hiervan is om die druk wat op huwelike geplaas word weens ekonomiese toestande, die druk om te presteer in werksomstandighede, werkloosheid, soeke na 'n beter lewe binne huweliksverband en diegene wat 'n tweede huwelik beplan, van raad te bedien.

Die Instituut wil graag mense wat in huwelike is nader aan mekaar bring en diegene wie se huwelike reeds wankel of selfs in 'n kritieke fase van verbrokkeling verkeer, help om 'n uitweg te vind om huweliksomstandighede te verbeter. Statistieke het bewys dat die grootste persentasie van tweede of meer huwelike 'n baie klein persentasie kans het op oorlewing; ons kan u ook help!

Die Instituut gebruik professionele persone wat baie suksesvol is in die aanbied van seminare en kampe. Die Instituut benodig nog professionele persone wat saam met die ander vakkundiges hulwelikseminare en kampe kan aanbied.

Belangstellendes wat 'n seminaar of kamp wil bywoon, of 'n gemeente wat 'n seminaar of kamp wil aanbied is welkom

Die Instituut benodig dringend persone wat wil optree as senior organiseerders en bereid is om vir 'n honorarium te werk.

Die Instituut is 'n Gereformeerd gefundeerde nie-winsgewende organisasie. As u 'n voertuig het wat u wil skenk, of aan die Instituut wil verkoop teen billike voorwaardes, sal dit opreg waardeer word.

Navrae kan gerig word aan megga@telkomsa.net

VERJAARDAE

Baie liefde en Gods rykste seëninge word vir elke lidmaat in die gemeente, met hulle verjaardae gedurende September, toegebid.

Hartlik geluk aan die volgende seniors wat gedurende September hulle verjaardae herdenk.

90 jaar en ouer:

Chris Crawford	5e

80 jaar en ouer:

Bettie Marx	2e
Das Barkhuizen	6e
Martie Coetzee	7e
Marie Niewoudt	7e
Corrie de Jager	9e
Hannetjie Engelbrecht	11e
Nancy Schoeman	12e
Martha de Lange	15e
Rina Botha	16e
René Grobler	17e
Hester Abrie	24ste
Tokkie Fivaz	26ste
Johan Swarts	30ste

NIANELL KONSERT

Kom vier die heerlike lente saam met Nianell in die Ouditorium!

Datum: 1 Oktober

Tyd: 18:30 vir 19:00

Plek: Lynnwoodrif Ouditorium

Koste: R150 per persoon

Vrugtepons vooraf en nagereg en koffie na die tyd, ingesluit by die prys.